# Nuusbrief 1 2026

CROSSROADS PRISON MINISTRIES SOUTH AFRICA

Tel: 061 031 9498 e-pos: office@cpministries-sa.org.za webwerf: www.cpministries-sa.org.za

"En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon"

Romeine 8:11




Ons het pas tydens Paasfees weer stilgestaan by die wonderlike gebeurtenisse rodom Jesus se kruisiging en opstanding. Hoe Sy opoffering vir ons redding gebring het. Nou mag ons weet dat ons nie meer dood is nie, maar lewende getuienisse van God mag wees deur Hom wat ons stuur om hierdie blye boodskap aan die mense te bring. Mag ons dan volhard, deur die werking van die Heilige Gees, om hierdie opdrag uit te voer.

**CPM VSA bronne webtuiste:**
CPM in die VSA is hard besig om aan 'n aparte webtuiste te werk waarop hulle 'n hele aantal aanvullende bronne wil laai wat vir Kampus koordineerders en mentors toeganklik sal wees. Daar sal ook 'n reeks kort video's opgelaai word wat 'n verskeidenheid van onderwerpe sal hanteer. Een voorbeeld is hoe om 'n brief saam te stel, hoe om goeie terugvoer te gee, aan te moedig en hoe om op 'n student se gebedsversoeke te reageer. Ons sal julle vir seker op die hoogte hou van die vordering en laat weet wanneer dit beskikbaar sal wees.
Ons is baie opgewonde oor hierdie hulpmiddel.

**Statistieke wys op groei.**
Ons het verlede jaar Januarie afgeskop met 'n totaal van 1019 studente. Ons het nou op einde Maart 1330 studente. Natuurlik is daar studente wat vrygelaat word, verskuif word na fasiliteite wat ons nie bedien nie of net nie meer belangstel om met die kursus aan te gaan nie, maar ten spyte daarvan toon ons deurgaans 'n gesonde groei kurwe. In 2025 het ons mentors 'n totaal van 10 195 lesse nagesien en vir die eerste 3 maande van hierdie jaar is daar alreeds 2 911 lesse nagesien.
Ons benodig steeds meer mentors om hierdie toenemende werklading te kan hanteer. Indien u weet van iemand wat belang sou stel om 'n mentor te word, kan u hulle na die kantoor verwys vir meer inligting.

**Johannesburg gevangenis:**
Ons het vroeg verlede jaar begin met besoeke by twee afdelings van die Johannesburg gevangenis, nl. Afdeling B waar ons 10 studente bedien en afdeling C waar ons 21 studente bedien.




Ons is ook baie dankbaar dat ons nou die Vroue gevangenis vanaf einde Februarie daar mag bedien. Daar het ons 'n hele aantal dames teë gekom wat reeds met Crossroads kursusse in van ons ander gevangenisse begin het. Ons het begin met so 8 studente en het nou reeds 26 in totaal. Dit is wonderlik hoe die Here deure oopmaak daar waar dit onmoontlik lyk.

**Mentor wenke:**
Onthou om die student deurgaans aan te moedig met positiewe opmerkings. Skryf dit in die les, Roadmaps en bou daarop voort in die brief aan die student. Dit is vir hulle van onskatbare waarde.
Reageer altyd op die gebedsversoeke indien daar is of moedig hulle aan om enige versoeke met die mentor te deel.
Maak seker dat die les, roadmap en jou brief alles mooi terug gesit is in die student se koevert voordat jy dit terug stuur kantoor toe.

**Payfast:**
Besoek gerus cprison.org of skandeer die QR kode hieronder indien u op 'n baie gerieflike wyse 'n maandelikse bydrae wil maak. Vir die prys van slegs een koppie koffie per maand, kan u reeds 'n groot verskil maak.



Die Crossroads Span

***Wil u dalk 'n bydrae maak?***

Ons is afhanklik van skenkings om hierdie werk moontlik te maak. Wil u 'n bydrae lewer? Ons bankbesonderhede verskyn hieronder. U is ook welkom om ons te kontak vir meer besonderhede of om 'n artikel 18A sertifikaat aan te vra.

Bank details vir CPM: FNB Cheque rek 62819516066 Tak: 250655